# KONINKRYK.    LES 7

| 1 | **GEBED** |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| 2 | **UITWISSELING** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **JOSUA 1, 6 en RIGTERS 2, 7** |
|---|---|

***Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks*** wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Josua 1,6 en Rigters 2,7). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 3 | **MEMORISERING** (5 minute) ***[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]*** **(1) ROMEINE 1:16** |
|---|---|

***Herhaal*** twee aan twee
**(1) Romeine 1:16.** Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is ’n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.

| 4 | **ONDERRIG** (85 minute) ***[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]*** **DIE ONKRUID TUSSEN DIE KORING** |
|---|---|

**“Die gelykenis van die onkruid tussen die koring in Matteus 13:24-30,36-43 is ’n gelykenis oor**
**TWEE SOORTE MENSE IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse
(Sien handleiding 9, supplement 1).

***Lees*** Matteus 13:24-30,36-43.

### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en histories feite van die agtergrond van die verhaal.
***Bespreek.*** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?
***Aantekeninge.***

**’n Man wat goeie saad op sy land gesaai het.** Orals in die wêreld verstaan mense hoe saad op ’n land gesaai word om later ’n oes te hê. Wat niemand verwag nie is dat ’n vyand in die nag kom om onkruid tussen die koring te saai. Dit is ’n baie lae streek! Daarom was die slawe ook so verbaas om te ontdek dat daar soveel onkruid tussen die koring opgeskiet het!

**Die onkruid.** Botaniste sê dat hierdie soort onkruid “lolium temulentum” genoem word. Dit is ’n onaangename soort onkruid wat in sy vroeë stadium byna soos koring lyk. Die koring en die onkruid ly so op mekaar dat hulle *moeilik onderskei kan word* nie. Omdat die slawe hierdie onderskeid nie kon maak nie, het die eienaar beveel dat hulle die onkruid nie moes uittrek nie, omdat hulle dan maklik ook die koring sou kon uittrek. Die onkruid dra ’n soort skimmel wat giftig vir mense en die is. Die werk van die vyand was dus ’n veragtelik misdryf.

---

### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.
***Ontdek en bespreek.*** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

***Aantekeninge.***

**(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus hoofstuk 13.**

Jesus vertel agt gelykenisse in Matteus hoofstuk 13: die gelykenisse van: die saaier, die onkruid tussen die koring, die mosterdsaadjie, die suurdeeg, die skat in ’n saailand, die waardevolle pêrel, die treknet en die huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou dinge te voorskyn bring. Alle agt gelykenisse gaan oor die Koninkryk van God en elke gelykenis lê die nadruk op ’n ander aspek van die Koninkryk van God.

Bowendien is daar ’n nou samehang tussen die gelykenis van die saaier en die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Jesus het waarskynlik die gelykenisse in nou samehang met mekaar vertel en het hulle later alleen aan sy dissipels uitgelê.

**(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 13:24-30.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 13:36-43.**

Sien punt 3: die relevante besonderhede (details) van die gelykenis. Sien ook punt 6: ’n samevatting van die belangrikste lesse van hierdie gelykenis.

**Uitleg oor die uitdrukking “die Seun van die mens”.** Gedurende die tyd dat Jesus Christus op die aarde gebly het, was die uitdrukking “die Seun van die mens” onder die Jode nog nie die gewone aanduiding vir “die Messias” nie. Die uitdrukking kom vanuit Daniël 7:13-14, waar staan: “Daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos *’n seun van die mens* (ANV: ’n menslike wese). Hy het van God die vader gesag, heerlikheid en soewereine mag ontvang om die Koninkryk van God op die aarde te vestig. In hierdie profetiese visioen, moes alle volke, nasies en tale Hom vereer. Sy koningskap of heerskappy is ’n ewige heerskappy wat nie van Hom weggeneem kan of sal word nie soos wat dit met al die ander koninkryke in die wêreldgeskiedenis gebeur. Jesus Christus Self het hierdie Ou-Testamentiese uitdrukking geadopteer om Homself aan te dui. Die uitdrukking “Seun van die mens” word in die Nuwe Testament alleen van Jesus Christus gebruik en verwys na sowel sy staat van vernedering as sy staat van verhoging.

**Die vernedering van Jesus.** Die Nuwe Testament leer dat die Seun van die mens geen permanente blyplek op die aarde het nie (Matteus 8:20). Hy sou aan bittere lyding onderworpe word (Matteus 17:12). Hy sou verraai word, gedood word en begrawe word (Matteus 26:24; 12:40). Maar selfs gedurende sy vernedering, was die Seun van die mens maar ’n gewone mens. Hy was *die Here van die Sabbat* (Matteus 12:8). Hy het gesag gehad om sondes te vergewe (Matteus 9:6). Hy het na die wêreld gekom met *’n definitiewe doel*, naamlik, om sy lewe te gee as ’n losprys vir baie (Matteus 20:28) en Hy het gekom om te soek en te red (te verlos) wat verlore is (Lukas 19:10).

**Die verhoging van Jesus.** Die Nuwe Testament leer dat die Seun van die mens weer sou opstaan uit die dood (Matteus 17:9). In sy menslike natuur sou Hy die aarde verlaat en onder begeleiding van baie engele terugkeer na sy hemelse Vader terugkeer (Handelinge 1:9-11; Matteus 16:27). Hy sou op sy troon van heerlikheid gaan sit en alle mense oordeel (Matteus 25:31).

Dus, “die Seun van die mens” is tegelyk “’n man van lyding” (Jesaja 53:3) en “die Here van die heerlikheid” (1 Korintiërs 2:8). Deur gebruik te maak van hierdie benaming onder die Jode, kon Jesus Homself langsamerhand en nie op één slag openbaar. As Hy Homself onmiddellik as “die Messias” beskryf het, sou sy bediening waarskynlik onmiddellik tot stilstand gekom het. Daarom het mense eers geleidelik gevra, “Wie is die Seun van die mens?” (Johannes 12:34). Deur hierdie *Selfaanduiding* het Jesus die nadruk gelê op die feit dat Hy nie die nasionalistiese Messias was wat die Jode verwag het nie, , maar die Verlosser van die hele wêreld was (Johannes 4:42; 1 Timoteüs 4:10).

---

## 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

***Inleiding.*** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!
***Ontdek en bespreek.*** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
***Aantekeninge.***

**Die eienaar.** Die eienaar is waarskynlik ’n ryk boer of landeienaar wat ’n aantal in sy diens gehad het. Hulle moes die saad saai en die plante versorg tot die tyd van die oes. Die eienaar het ander manne ingehuur om later as maaiers die oes in te bring. Die uitleg van die gelykenis sê nie wie die eienaar verteenwoordig nie. Daarom is “die eienaar” in die gelykenis nie ’n essensiële of relevante besonderheid (detail) nie. Die eienaar saai goeie saad in sy saailand en stuur later maaiers uit om die oes in te bring. In die uitleg van die gelykenis is Jesus Christus die Saaier en Die Een wat sy engele uitstuur om te maai (die oes in te bring). Dus, die Eienaar is tegelyk die Saaier. Die saailand is sy Koninkryk in die wêreld en Hy gee in die teenswoordige tyd leiding aan die saai van die saailand en by sy wederkoms die maai van die saailand (die oes inbring) (sien Matteus 16:18, “*Ek bou My Kerk/Gemeente!*”

**Die saaier.** Die “saaier” in die gelykenis is ’n relevante detail (Matteus 13:37). In die uitleg sê Jesus Christus dat Hyself die Saaier is.

**Die vyand.** Die "vyand" in die gelykenis is 'n essensiële en relevante detail (Matteus 13:39). In sy uitleg sê Jesus dat die vyand *die duiwel* is. Sonder om ag te slaan op die goeie saai-werk daarvoor, saai die vyand doelbewus onkruid tussen die koring en nie in 'n saailand daarnaas nie. Dit is 'n doelbewuste en vernielsugtige daad middel in die werk van Jesus Christus.

Die gelykenis beskryf die vyand aan die werk in die nag wanneer almal slaap. Laasgenoemde is nie 'n relevante detail nie, omdat Jesus dit uitlê. Dit bly maar 'n deel van die verhaal en dra nie verder by aan die boodskap nie. Maar in Johannes 3:19-21 sê Jesus dat mense wat die duisternis in plaas van die Lig (Jesus Christus, Johannes 8:12) liefhet, die Lig haat en nie na die Lig kom nie omdat hulle bang is dat hul duistere werke aan die lig kom.

**Die goeie saad of koring.** "Die goeie saad" in die gelykenis is 'n essensiële relevante detail (Matteus 13:38). In sy uitleg sê Jesus dat die goeie saad "die kinders van die Koninkryk" verteenwoordig, d.w.s., die totaal van alle opregte Christene. Hulle is die mense in wie die saad van die evangelie goeie vrugte voortbring (Matteus 13:19,23) en wat Jesus Christus as Verlosser en Koning van hul lewe bely. Hulle is deur geloof in Jesus Christus geregverdig (Matteus 13:43). Na die wederkoms van Christus sal hulle soos die son skitter in die Koninkryk van God.

**Die onkruid.** "Die onkruid" in die gelykenis is 'n essensiële of relevante detail (Matteus 13:38). In die uitleg verteenwoordig die onkruid "die aanhangers (letterlik: kinders) van die Bose". Hulle is die mense wat die wetteloosheid doen en allerlei struikelblokke uitdink (Matteus 13:41). Die onkruid bestaan nie alleen uit bose mense nie, maar ook uit bose geeste en bose planne, aktiwiteite, programme en projekte *wat almal tussen die Christene ingesaai word!* Netsoos die giftige skimmel op die onkruid mens en dier vergiftig, so vergiftig hierdie mense wat die wetteloosheid doen en allerlei struikelblokke uitdink die verskriklike skade wat hulle aan Christene veroorsaak. Uiteindelik sal hulle en alle struikelblokke in die hel gegooi word (Matteus 13:42; sien Matteus 25:41).

**Die slawe van die eienaar.** Jesus verklaar nie wie die slawe verteenwoordig nie. Nietemin is hulle in die gelykenis 'n essensiële of relevante detail, omdat die eienaar hulle verbied om die onkruid uit te trek. Die eienaar beveel dat hulle die onkruid moet laat opgroei tot die tyd van die oes (Matteus 13:28-30). Hulle verteenwoordig duidelik al God se medearbeiders op die aarde, soos: dissipels, evangeliste, priesters, pastore, predikers, leraars en ander Christene. Hulle mag die onkruid nie van die koring skei nie, omdat dit die taak van die maaiers tydens die oestyd is!

**Die saailand.** "Die saailand" in die gelykenis is 'n essensiële of relevante detail (Matteus 13:38). In die uitleg verteenwoordig die saailand "die wêreld". Die volgende drie feite moet egter by die woord "wêreld" in gedagte gehou word:

- **Eerstens. Die onkruid word tussen die koring gesaai.**

Jesus sê nie dat die onkruid naas die koring in 'n ander saailand gesaai word nie, maar dat die onkruid tussen die koring indieselfde saailand gesaai word! Daarom dink Jesus nie aan die vermenging van nie-Christene met Christene op die aarde nie, maar aan die vermenging van nie-Christene met Christene in die Koninkryk van God, d.w.s., in die sigbare Kerk/Gemeente of christelike organisasies en instellinge, waar hulle ook al in die wêreld gevind word. Dit slaan ook op die vermenging van die leuens van die satan met die waarhede van Christus in christelike planne, aktiwiteite en programme, in christelike kerkrade, gemeentes, organisasies en instellinge.

- **Tweedens. Hierdie vermenging in die Koninkryk van God is 'n geheimenis.**

Volgens Matteüs 13:11 is die gelykenis van die onkruid tussen die koring ook "'n geheimenis van die Koninkryk van God", 'n misterie ('n werklikheid wat nog nie eerder verklaar is nie) wat Jesus besig is om aan sy dissipels te openbaar. Die vermenging van duidelik verskillende groepe mense soos goddelose en onregverdige nie-Christene tussen Godvresende en geregverdigde Christene in die wêreld kan nouliks "'n geheimenis van die Koninkryk van God" genoem word (sien 1 Johannes 3:4-15). Die "geheimenis" wat nou eers geopenbaar word is dat God toelaat dat mense wat alleen maar naam-Christene (tradisionele Christene of kultuur-Christene) is, in dieselfde christelike gemeentes, kerkrade, organisasies en instellinge aanwesig is en netsoos opregte Christene arbei, sonder dat ons Christene altyd 'n duidelike onderskeid kan maak! Ware Christene moet hierdie reëling van God aanvaar, natuurlik met inagneming van die juiste grense wat deur die kerklike leer, praktyk en tug gestel word. Hierdie reëling van God gee ongelowiges (naam-Christene of nie-Christene) die beste kans om in die Koninkryk van God (in die Kerk/Gemeente) die christelike boodskap te hoor en die lewens van ware Christene te observeer.

- **Derdens. Die onkruid word eers by die laaste oordeel van die koring geskei.**

Eers by die wederkoms van Jesus Christus word die naam-Christene (die onkruid) van die ware Christene (die koring) geskei. Dan eers sal Jesus Christus sy engele (die maaiers) uitstuur om die ongelowiges feilloos van die gelowiges te skei (sien Matteus 24:30-31; 25:31-33). By sy wederkoms sal Jesus Christus alle struikelblokke (ANV: mense wat ander mense in sonde laat val) en alle mense wat die wet van God oortree uit sy Koninkryk te verwyder. Hulle kan nie uit sy Koninkryk verwyder word nie als hulle nie voorheen in 'n bepaalde sin "in" die Koninkryk van God was nie! Hoewel die hele wêreld met alle mense en alles op die aarde 'n deel vorm van die Koninkryk van Christus waaroor Hy met absolute soewereiniteit heers (sien Matteus 28:18), is die harte en lewens van ongelowiges (hetsy naam-Christene binne die Kerk, hetsy nie-Christene buite die Kerk) nie onder die heerskappy van Christus nie. Deur die verkondiging van die evangelie en hul geloof in Jesus Christus word mense uit die mag van die duisternis weggeruk en onder die heerskappy van die van die seun van God gestel (Kolossense 1:13).

Alhoewel naam-Christene in die Christelike kerk en christelike organisasies ly asof hulle 'n sigbaar deel van die Koninkryk van Christus is, kan alleen Jesus Christus sien of hul harte en lewens onder sy soewereine heerskappy staan of nie (sien Matteus 22:10-11,14; Johannes 2:24-25). Dus "die vermenging van die onkruid met die koring" verteenwoordig die vermenging van ongelowige of skyngelowige mense met ware gelowige mense binne die Christelike Kerk/Gemeente en nie alleen maar op die hele aarde nie. Die teenwoordige vorm van die Koninkryk van God is 'n vermenging van naam-Christene met werklike Christene.

**Die oes en die maaiers.** Sowel die oes as die maaiers in die gelykenis is essensiële of relevante details (Matteus 13:39). In die uitleg verteenwoordig "die oes" die laaste oordeel by die wederkoms van Christus en "die maaiers" verteenwoordig die engele. Die taak om te oes behoort aan Jesus Christus alleen (Matteus 3:12; Openbaring 14:14-16). Hyself sal die laaste oordeel lei en die verantwoordelikheid aan sy engele delegeer (Matteus 13:41; 24:30-31; 25:31-32).

Dit is belangrik om op te merk dat "die slawe" (die werkers in God se Koninkryk) nie die vermoë het om vóór die oestyd tussen "die onkruid" en "die koring" onderskeid te maak nie. "Die maaiers" (die engele) kan n wel onderskeid maak! Dit is ook belangrik om op te merk dat hierdie onderskeid tussen die onkruid en die koring eers duidelik word in die oestyd. Eers in die oestyd sal die onkruid van die koring geskei word! Alleen tydens die laaste oordeel by sy wederkoms sal Jesus Christus "die bokke" van "die skape" skei (Matteus 25:32; sien Matteus 24:40-41). Alleen by die laaste oordeel by die wederkoms van Jesus Christus, sal almal weet wie 'n ware Christen is en wie nie! Vóór die wederkoms kan Christene al weet wie ware Christene en wie nie-Christene daar buite in die wêreld buite die gemeentes is (1 Johannes 3:4-15), omdat alleen wedergebore Christene *met hul mond bely* (Romeine 10:9-10) *en met hul lewe vrugte dra* (Matteus 7:16-20). Maar binne die Koninkryk van God, d.w.s., binne die sigbare christelike gemeentes, organisasies en instellinge is hierdie onderskeid nie vanselfsprekend nie (sien Matteus 7:21; 8:11-12; Romeine 9:6)!

**Die onkruid bymekaarmaak en in bondels bind om dit te verbrand.** Dit is 'n relevante detail (Matteus 13:42). In die uitleg sê Jesus dat die onkruid bymekaargemaak word en in die brandende oond gegooi word (die hel, sien Openbaring 21:8). Daar sal hulle huil en op hulle tande kners. "Die gejammer" (Grieks: klauthmos)(ANV: huil) in die hel is anders as alle ander gejammer in die Bybel. Dit is nie die gejammer van Esau omdat hy sy erfenis verloor het nie (Genesis 27:38). Dit is nie die gejammer van verlies toe Moses gesterf het nie (Deuteronomium 34:8). Dit is nie die gejammer van woede van Agab omdat hy nie sy sin gekry het nie (1 Konings 21:1-6). Hierdie gejammer is ontroosbaar; ellende en hopeloosheid wat nie eindig nie. "Die gekners van tande" (Grieks: brugmos) is 'n aanduiding van pyn en waansinnige woede.

**Die koring na die skuur van die eienaar bring.** Dit is 'n relevante detail (Matteus 13:43). Vanaf die eerste koms van Jesus Christus word wedergebore gelowiges in die Koninkryk van God in sy huidige fase ingebring (Matteus 3:11-12). By die wederkoms van Christus sal hulle in die Koninkryk van God in sy definitiewe en volmaakte fase gebring word (Matteus 25:34). Daar sal hulle soos die son skitter (Daniël 12:3), d.w.s., hulle sal die heerlikheid van God weerspieël (1 Johannes 3:2; 2 Korintiërs 3:18)!

**Die koninkryk van God.** Dit is die belangrikste detail in die gelykenis (Matteus 13:43). Alle details in die gelykenis beskrywe die Koninkryk van God in sy huidige fase (vorm) op die aarde vóór die wederkoms van Christus.

In hierdie gelykenis openbaar Jesus dat die Koninkryk van God in sy huidige fase or vorm twee soorte mense bevat: onregverdige mense (ongelowiges, naam-Christene, tradisionele Christene, kultuur-Christene) en regverdige mense (gelowige Christene) sonder dat iemand 'n duidelike onderskeid tussen hulle kan maak. In hierdie gelykenis verteenwoordig "die goeie saad" nie die evangelie van die Koninkryk van God nie (Matteus 24:14) en "die onkruid" nie die valse evangelie wat deur die duiwel en sy dienare versprei word nie (2 Korintiërs 11:1-4). "Die goeie saad" en "die onkruid" verteenwoordig nie boodskappe nie, maar mense! "Die saailand" verteenwoordig nie die aarde waar altwee boodskappe verkondig word nie, maar die plek waar hierdie twee groepe mense met mekaar vermeng is en niemand in staat is om duidelik onderskeid tussen hulle te maak nie! "Die onkruid" verteenwoordig mense wat tussen die wedergebore Christene gesaai word op op so 'n wyse dat die wedergebore Christene geen duidelike onderskeid tussen opregte Christene en naam-Christene kan maak nie!

Daarom verteenwoordig "die saailand" nie sonder meer "die wêreld" in die sin van "die aarde" nie, d.w.s., die wêreld buite die kerk waar Christene en nie-Christene deurmekaar woon en werk en duidelik van mekaar weet dat hulle Christen of nie-Christene is. "Die saailand" verteenwoordig die Koninkryk van God in sy huidige fase of vorm waarin naam-Christene (tradisionele of kultuur- Christene) en regte (wedergebore) Christene met mekaar vermeng is op 'n wyse wat dit moeilik is om hulle van mekaar te onderskei. Die gelykenis van die onkruid tussen die koring is 'n simbool van die Koninkryk van God in sy huidige fase vóór die wederkoms van Christus en nie 'n simbool van die Koninkryk van God in sy definitiewe volmaakte fase na die laaste oordeel by die wederkoms van Christus nie.

Die uitdrukkings "Kerk/Gemeente" (Grieks: ekklésia) en 'Koninkryk van God' (Grieks: basileia tou theou) is nooit presies dieselfde nie. "Die Kerk/Gemeente" bestaan uit mense wat almal bely dat hulle in Jesus Christus glo, ongeag of hul belydenis opreg is of nie. (Mense kan nie in mekaar se harte kyk nie om te sien of iemand wedergebore is nie). Maar "die Koninkryk van God" in sy huidige fase bestaan uit mense en gebiede soos organisasies, instellings, kulture, ens. waarin die heerskappy van Christus openlik en ook nie openlik erken word nie. Alleen in "die gelykenis van die onkruid tussen die koring" en "die gelykenis van die treknet" is die betekenis van die begrippe "die Kerk/Gemeente" en "die Koninkryk van God" baie naby mekaar. In altwee gelykenisse word die onderskeid tussen ware (wedergebore)

Christene en naam-Christene (tradisionele Christene, kultuur-Christene) eers duidelik in die laaste oordeel by die wederkoms van Christus (die oes).

**’n Gelykenis of ’n allegorie?** Omdat daar soveel details in hierdie gelykenis een of ander relevante werklikheid verteenwoordig benader hierdie gelykenis ’n allegorie. Nietemin, noem Matteus 13:24,36 dit “’n gelykenis”. Ook hierdie gelykenis het ’n belangrike boodskap of één sentrale punt, naamlik, die bevel van die eienaar aan sy slawe om vóór die aanbreek van die oes geduld te beoefen ten aansien van die vermenging van naam-Christene (onkruid, bokke) tussen die opregte Christene (koring, skape) totdat Christus en sy engele in die laaste oordeel hulle van mekaar skei.

**’n Belangrike reël vir die uitleg van gelykenisse.** Gelykenisse is nie allegorieë nie en mag ook nie as allegorieë uitgelê word nie! Sommige Christene het gelykenisse as allegorieë uitgelê. Byvoorbeeld:

- Die kerkvader Augustinus (354-430 n.C.)

het die gelykenis van die barmhartige Samaritaan as ’n allegorie uitgelê. “Die man wat van Jerusalem na Jerigo gereis het” verteenwoordig Adam. “Die rowers” verteenwoordig die duiwel en sy engele. “Die priester en Leviet” verteenwoordig die Wet en die Profete. “Die goeie Samaritaan” verteenwoordig Jesus Christus. “Die herberg” verteenwoordig die Kerk/Gemeente. En “die twee muntstukke” verteenwoordig die belofte van die ewige lewe in die teenswoordige tyd en in die toekoms! Augustinus het hierdie gelykenis as ’n allegorie uitgelê! Sy uitleg is verkeerd!

- Die kerkvader Chrysostomus (347-407 n.C.)

het die gelykenis van die onkruid tussen die koring as ’n allegorie uitgelê, as volg. “Die onkruid” verteenwoordig die gemeenskap van ketters. Die lis van die duiwel is om die waarheid met die leuen te vermeng en op hierdie manier mense te bedrieg en te mislei. Nietemin het hy die gelykenis juis toegepas deur te sê, “Jesus Christus het Christene verbied om ketters (valse leraars of aanhangers van ander godsdienste) te dood.” Ketters (valse leraars, mense wat verdeeldheid dai) moet twee keer gewaarsku word (Titus 3:9-10), daarna uit die gemeente geban word (1 Korintiërs 5:12-13) en nooit in christelike huise of gesinne ontvang of verwelkom word nie (2 Johannes 10).

Die reël vir die uitleg van gelykenisse. Die feit dat Jesus Christus afsonderlike betekenisse toegeken het aan ’n aantal details in die gelykenis van die onkruid tussen die koring, gee nog nie aan Christene die reg om ’n afsonderlike betekenis aan ’n detail in die verhaal van ander gelykenisse van Jesus toe te ken nie! Gelykenisse het inderdaad alleen één belangrike boodskap, één sentraal punt.

---

## 4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. ’*n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.
***Bespreek.*** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**Die gelykenis van die onkruid tussen die koring in Matteus 13;24-30,36-43 is ’n gelykenis oor “twee soorte mense in die Koninkryk van God”.**

**Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Die dienare van God moet geduld beoefen word met betrekking tot die vermenging van naam-Christene tussen die egte Christene in die Koninkryk van God in sy huidige fase.” Die gelykenis van die onkruid tussen die koring benadruk dat Christene nie die verantwoordelikheid (taak) het om die “goeie (opregte, wedergebore)” Christene van die “slegte (skynheilige, nie wedergebore)” Christene te skei nie. Christene en christenleiers moet hulle saam laat groei, lewe en funksioneer tot die laaste oordeelsdag. Dan eers sal Jesus Christus met sy engele hulle van mekaar skei.**

Geduld met betrekking tot naam-Christene (tradisionele- of kultuur-Christene) is een van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die werkers in God se Koninkryk moet nie te gretig wees om bepaalde mense uit hul gemeenskap of gemeente uit te sluit nie. Byvoorbeeld, hulle moet mense wat ongereeld na die gemeente byeenkomste kom nie wegstuur nie. Hulle moet die nie-Christene (ongelowiges) nie verbied om aan die gemeente byeenkomste deel te neem nie. En hulle moet die Christene wat nog bepaalde vreemde geloofsoortuigings het of nog onvolwasse christelike gedrag vertoon nie buite die gemeente sluit nie.

Die werkers in die Koninkryk van God moet onderskeid maak tussen enersyds tug uitoefen en andersyds geduld, barmhartigheid en liefde te toon aan “onvolmaakte” mense in hul midde. *Hulle moet kerklike tug uitoefen waar dit noodsaaklik is, d.w.s., Bybelse riglyne volg om gemeentelede te* waarsku, te berispe, te korrigeer en indien nodig te bestraf of uit te ban as hulle volhard in hul sonde en hulle nie wil bekeer nie.

Maar die werkers in die Koninkryk van God *moet geduld beoefen* met alle naam-Christene (tradisionele- of kultuur-Christene) wat nog by die gemeente byeenkomste betrokke is. Die werkers in die gemeente (die oudstes/ouderlinge, die leraars, ens.) mag nie probeer vasstel wie in die gemeente “die goeie saad” en wie “die onkruid” is. In plaas hiervan moet hulle probeer om mense te wen vir ’n persoonlike geloof in Jesus Christus. Die christenwerkers mag handel op

grond van bekende sondes in die lewens van mense. Maar hulle mag nie handel asof hulle God is en weet wie waaragtig wedergebore is en wie dit nog nie is nie. Dit is die reg van alleen Jesus Christus en sy engele by die wederkoms van Christus (Johannes 3:3-8; Matteus 25:31-46).

---

## 5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

***Inleiding.*** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
***Ontdek en bespreek.*** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
***Aantekeninge.***

#### (1) ’n Vergelyking tussen die gelykenis en die gelykenis van die saaier.

***Lees*** Matteus 13:36 en Lukas 8:9. Dis nie onmoontlik dat hierdie twee gelykenisse ooit in chronologiese volgorde vertel is nie, eers die gelykenis van die saaier (Matteus 13:3-9) en daarna die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Matteus 13:24-30). En nadat Jesus hulle aan die skare vertel het, het Hy in die huis ingegaan en hulle aan sy dissipels uitgelê.

Daar is ooreenkomste en verskille tussen hierdie twee gelykenisse. Wat die ooreenkomste betref, praat beide gelykenisse oor ’n saaier, ’n saailand, en ’n oes. Wat die verskille betref, ruk die bose in die eerste gelykenis die saad weg en in die tweede gelykenis saai hy onkruid tussen die koring. Soms weerstaan die satan die Woord van God en ruk dit uit die hart van die mens, omdat hy wil voorkom dat hierdie mens die Woord van God glo en gered word. Maar op ander tye infiltreer h tussen Christene ten einde hul gedagtes te vergiftig. In die eerste gelykenis is al die saad goed, maar in die tweede gelykenis verskyn daar onkruid tussen die koring. In die eerste gelykenis lê die nadruk op hoe die Woord van God deur verskillende toestande en houdinge van die hart ontvang word. In die tweede gelykenis lê die nadruk op geduld te beoefen wanneer daar onderskei word en om naam-Christene nie sommer van die kerk te skei nie.

#### (2) ’n Vergelyking tussen die gelykenis en 1 Johannes 3:4-15.

***Lees*** 1 Johannes 3:4-15. 1 Johannes lê die nadruk op twee groepe mense wat in die wêreld lewe: “die kinders wat uit God gebore is en wie regverdig lewe” en “die kinder van die duiwel wat aanhou sondig”. Maar die gelykenis van die onkruid tussen die koring lê die nadruk op twee groepe mense in die Koninkryk van God in sy huidige fase (vorm)(in die Kerk/Gemeente). In 1 Johannes kan die kenmerke van die mense in die wêreld duidelik onderskei word, maar in Matteus 13:24-30 kan die kenmerke van die mense binne die Koninkryk van God (die Kerk/Gemeente) nie duidelik onderskei word nie: d.w.s., dit is nie moontlik vir Christene om ’n onderskeid te maak tussen ware wedergebore Christene en Christene wat hul in naam, tradisie en kultuur as Christene gedra. Daarom mag die dienare van God die onkruid tussen die koring nie verwyder nie. Dit gaan Christus met sy engele doen by die laaste oordeel. Hierdie twee Bybelgedeeltes stel twee aspekte van die Koninkryk van God teenoor mekaar. 1 Johannes 3 lê die nadruk daarop dat wedergebore Christene en nie-Christene in die wêreld duidelik van mekaar onderskei kan word, omdat nie-Christene op ’n waarneembare manier in die sonde bly lê. Maar Matteus 13:24-30 lê die nadruk daarop dat naam-Christene nie duidelik of waarneembaar van wedergebore Christene in die Gemeente/Kerk onderskei kan word nie!

#### (3) ’n Vergelyking tussen die gelykenis en die gelykenis van die treknet.

***Lees*** Matteus 13:47-50. “Die gelykenis van die treknet” praat oor die Koninkryk van God wat in sy huidige fase (vorm) alle soorte van mense in die wêreld bymekaarmaak en dat die ware Christene eers by die laaste oordeel by die wederkoms van Christus van ander mense geskei sal word. Die gelykenis vergelyk nie die goeie visse in die treknet met die slegte visse in die see nie, maar lê die nadruk op die feit dat die goeie visse saam met die slegte visse in die treknet vermeng bly totdat hulle ná die vangs van mekaar geskei word. Die gelykenis van die treknet het dus dieselfde sentrale boodskap as die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Beide gelykenisse leer dat die Christene en naam-Christene in die Koninkryk van God op die aarde in sy huidige fase (vorm) en in die Kerk/Gemeente en christelike organisasies en instellings vermeng bly tot op die dag dat hulle uitgesorteer word en van mekaar geskei word op die laaste oordeelsdag.

## 6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?
***Aantekeninge.***

#### (1) Die belangrike boodskap.

Die gelykenis van die onkruid tussen die koring in Matteus 13:24-30 leer oor “*twee soorte mense in die Koninkryk van God*.”
Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die dienare van God (die ampte of die leiers van die gemeentes) moet geduld beoefen met betrekking tot die vermenging van naam-Christene met die ware Christene in God se Koninkryk in sy huidige fase (vorm).” Die dienare van God moet toelaat dat alle mense in God se Koninkryk (in die Kerk/Gemeente) in sy huidige fase op die aarde die kans kry om die Woord van God te hoor en te groei tot op die laaste

oordeelsdag, wanneer Christus met sy engele hulle van mekaar sal skei het die Koninkryk van God in sy definitiewe en volmaakte fase op die nuwe aarde sal inwy.

**(2) Die les met betrekking tot geduld.**

Die dissipels van Jesus Christus was soms ongeduldig en te gretig om mense wat nie tot die troue (gewone, reëlmatige, offisiële) aanhangers van Jesus Christus behoort nie, uit hul gemeenskap te verban (Lukas 9:49-50). Soms het hulle in toorn uitgevaar teen één van hul eie groep dissipels (Lukas 22:24).

Jesus Christus het Christene geleer om nie die deelnemers aan die byeenkomste van hul christelike gemeente, organisasie en instellings weg te stuur nie as hulle geen ernstige leerstellige probleme verkondig nie en ook nie ernstige gedragsprobleme vertoon nie. Christene moet die groot verskeidenheid van Christene in die Christelike Kerk/Gemeente (die Liggaam van Christus wêreldwyd) tolereer en "met almal geduldig wees" (1 Tessalonisense 5:14).

Die reg om vas te stel wie "goeie saad" en wie "onkruid" is, moet oorgelaat word aan Jesus Christus, die Regter. Hiermee skuif Christus nie die kerklike tug ter syde nie (Matteus 18:15-18), maar leer Hy aan Christene om geduldig te wees. As Christene liefdevol geduld beoefen, sal die kerklike tug alleen maar sterker word, omdat die doel van die kerklike tug nie is om die menslike gees van 'n sondaar te verpletter nie, maar juis om sy menslike gees te red (verlos) (1 Korintiërs 5:5).

**(3) Die vermaning om te luister.**

Jesus herhaal sy vermaning, "Wie ore het, moet luister" (Matteus 13:43) aan die einde van al sy sewe briewe aan die gemeentes in Openbaring hoofstuk 2 en 3. Dit is 'n belangrike vermaning. As 'n mens met ore om te hoor/luister aanhou om sy ore toe te stop en die woorde van God (Christus) te verontagsaam, dan pleeg hy die onvergeeflike sonde (Hebreërs 6:4-8; 10:26-31). As hy die woorde van God nie ontvang nie, maar volhard om sy woorde te verontagsaam, dan begaan hy die onvergeeflike sonde (Hebreërs 4:7; 6:4-8; 10:26-31). "Alle ongeregtigheid is sonde, maar daar is sonde wat nie tot die dood lei nie" (1 Johannes 5:16-17). Die onvergeeflike sonde is wanneer 'n mens nie uit God gebore is nie en *doelbewus aanhou om te sondig* (1 Johannes 3:6-9) (die werkwoorde staan in *die onvoltooide teenwoordige tyd* en beteken dus nie: "iemand wat sondig nie" (sien 1 Johannes 1:8-10), maar: "iemand wat *aanhou* sonde doen" (1 Johannes 3:6-9). Jesus Christus vermaan sy toehoorders om goed na sy woorde te luister, in Hom te glo en Hom te gehoorsaam en hulself te ondersoek of hul wel "die goeie saad" (kinders van die Koninkryk) of "die onkruid" (kinders van die Bose) is (Matteus 13:38). "Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie" (2 Korintiërs 13:5).

| | |
|---|---|
| **5** | **GEBED** (8 minute) ***[REAKSIES]*** **GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD** |

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

| | |
|---|---|
| **6** | **VOORBEREIDING** (2 minute) ***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS** |

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van "die onkruid tussen die koring" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Rigters 13, 14, 15 en 16.** Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **(2) Romeine 1:17.** Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 2:17-29.** Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.